

# Saterdag 21 Augustus

Skrifgedeelte: Job 29 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Job 29

## Die goeie ou dae

Het jy al terugverlang na die goeie ou dae? Dit is presies waarmee Job hier besig is. Job se woorde in hoofstuk 29-31 word beskou as 'n afsluiting van sy betoog om met die Here in gesprek te tree en 'n antwoord te kry op wat in sy lewe gebeur het.

Job begin om sy aandag te vestig op die voorspoed wat hy eens, as God se vertroueling, geniet het. God was die Almagtige by hom. Dit het groot seën vir hom en sy kinders ingehou. Hy het oral voorspoed geniet. Hy was soos die spreekwoordelike “boom met sy wortels by die water”. Dit was vir hom regtig die beste jare van sy lewe. Hy was 'n gerespekteerde besigheidsman. Jonk en oud het hom geëer. Almal wat van Job gehoor het, het goed van hom gepraat. Hy is geprys omdat hy reg en geregtigheid laat geskied het.

Job het gehoop op 'n sorgvrye aftrede ná 'n lang, vol lewe. Hy het gedink dat sy goeie getuigenis en sy vroomheid vir hom iets sal beteken. Maar dinge het anders uitgewerk. Job verstaan nie hoekom nie! Hy wil weet waarom die Here al hierdie dinge toelaat.

In Job se worsteling hoor ons die noodroep na Christus. Sonder Christus sou daar geen sin en betekenis aan die lewe gewees het nie. As Nuwe-Testamentiese gelowiges kan die verlede nooit beter wees as die toekoms wat vir ons wag nie. Ons kan wel tydens die “waaroms van die lewe” terugkyk, maar dan nie na ons eie lewe nie, maar na die lewe en sterwe van Christus. Kyk terug en sien raak watter duur losprys Christus aan die kruis betaal het. Jy is vrygekoop!

Daarom kan elke gelowige, ondanks omstandighede, met groot verwagting vorentoe kyk na die volmaakte nuwe wat op ons wag.

*Sing: Psalm 18-1:1, 14*

*Ds. FJ Potgieter (Fritz) (Bloemfontein-Suid)*